COMMUNITY NEWSPAPER

# GansBerg Nuus/News

PRICE R15.00

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

15 Augustus 2025

264ste Uitgawe




Coastal HIRE

GANSBAAI

076 924 9915

gansbaai@coastalhire.co.za

7A Industry Circle, Gansbaai, 7220.

Serving all your equipment hire needs




# Vrouedag...
# Oorsprong van Afrikaanse Vrouedag

9 Augustus was hierdie jaar gekenmerk deur seker die meeste Vrouedagvieringe op verskeie plekke in die geskiedenis van Gansbaai. Die venues en aanbiedinge was te kus en te keur. Vroue was uitgetof en tafels het gekreun onder die fynste van lekkernye. Lilian Ngoyi, Helen Joseph en die mede-inisieerders van die vroue-opmars na die Unie-geboue in Augustus 1956, sou trots gewees het. "Na watter Vrouedag gaan jy vanjaar?" Nee, ek het alreeds myne gevier, sommer so terwyl al die ander besluit het op klere, hare, juwele en dies meer. Myne het ek op 4 Augustus al oordink. Omdat ek van die ou soort is en my land se geskiedenis nie in 1994 begin nie. Omdat ek weet dat die *struggle* wyer en dieper lê as nou die dag.




Vroue op Kerkplein voor die optog.

Die Anglo Boereoorlog, ook genoem die Tweede Vryheidsoorlog waar Boer teen Brit geveg het om die beheer van die goud-en diamantvelde van die Vrystaat en Zuid-Afrikaanse Republiek, het nagenoeg 28000 (hoofsaaklik) vroue en kinders in konsentrasiekampe gesterf tydens die Britte se Verskroeide Aarde beleid. Verskroeide aarde, menende die afbrand van plaasopstalle, oeste, infrastrukture en die vee weggevoer na die velde van die geraamde 120000 swart soldate en ambagsmanne aan Britse kant. Ons Boerevolk moes na amper drie jaar deur hel gaan, opstaan en herbou.

Pas twaalf jaar later breek die Eerste Wêreldoorlog uit. Ons staan onder die Britse regering se Unie van Suid-Afrika. Die Britte verklaar oorlog teen Duitsland en die Boere word gedwing om hulle goedgesinde buurland Duitswes-Afrika in te val. Nie te vinde daarvoor nie, groepeer die Boere saam onder wat bekend sou staan as die Maritz Rebellie. Boere Generaals word gevange geneem, Koos de la Rey word doodgeskiet terwyl hy weier om by 'n padblokkade stil te hou en Jopie Fourie word tereggestel vir hoogverraad.

***volg op bladsy 2***

Galvatech
Corrosion Protection Specialists

Galvatech - Korrosiebeskerming Spesialiste diens nou
Gansbaai en Omgewing!

Beskerm jou staal teen die elemente met Galvatech se gehalte-afwerkings - vinnig, betroubaar en professioneel.

- Hot Dip Galvanisering
- Industriele Spuitverf
- Epoxy Powder Coating
- Galvanisering SANS 121 Goedgekeur
- Shot/Sand Blasting

Of jy nou 'n boer, kontrakteur of ingenieur is - Galvatech help jou om jou staalwerk reg te beskerm, die eerste keer!

Diens beskikbaar in Gansbaai en omliggende dorpe - Skakel vandag nog of besoek galvatech.co.za



GALVANIZING BAD GROOTTE
14m Lank x 3.2m Diep x 1.6m Breed

021 951 1211
066 474 6967
sales@galvatech.co.za




Vir die eerste keer in die oergeskiedenis van Suid-Afrika betree vroue die politieke arena as die "volksmoeder", Tibbie Steyn, 'n brief in al die koerante laat plaas om vroue op te roep om deel te hê aan 'n protesoptog teen die regering se besluit. Ongeveer 5000 vroue, onder leiding van Hendrina Joubert (84-jarige weduwee van die ZAR Kommandant-generaal, Piet Joubert), neem op 4 Augustus 1915 deel aan hierdie optog, verteenwoordigend van altesaam 65000 vroue wat bygedra het by wyse van telegramme en versoekskrifte. In stilte, 7 in 'n ry, het hulle van Kerkplein na die Uniegebou gestap. Ongelukkig is hul versoekskrif nie in ontvangs geneem nie, maar dit het hulle nie gestuit nie. Hierdie gebeurtenis het ook gelei tot die stigting van die Vroue Nasionale Party.

In Jan F.E. Cilliers se gedig, "*By die Vrouebetoging*", eer hy hierdie vroue en hulle deursettingsvermoë as volg:-

Die naam is…Moeder
Die grond is Heilig waar haar voete gaan




*Vrouebetogers by die Uniegebou in Pretoria.*

op kamervloer, in moordkamp, oor die straat, want
haar is Jesus' liefde taak vertroud
wat offer bring van eie vlees en bloed
Ek sien haar swygend gaan op steile pad,
half duisel nog van nagte deurgewaak
en wankel tredend, elke tree 'n pyn,
na soveel gaan aan liefdeswerk gewy
Ek sien haar wag, geduldig, sonder word,
soos sy al honderd jaar gewag het en gely,
ek sien haar wen, deur lye net soos Hy
ek sien haar wen, vir man en seun en broer
want haar naam is
Vrou, en Moeder.

(Bronne : *weet.co.za; nam.ac.uk; vrouemonument.co.za*)

**Carine Fourie Badenhorst**



***Hendrina (Drienie) Joubert (Foto: Facebook/Erfenisstigting)***

# Hartseer in Lt.Kol Janse van Rensburg se huis

Dit is met leedwese dat die Gans-Berg Nuus verneem het van Lt.Kol Janse van Rensburg, Gansbaai SAPD Stasiebevelvoerder, se broer wat onverwags oorlede is - die hartseer in Lt.Kol Janse van Rensburg se huis lê ons na aan die hart. Sy broer, Johan Janse van Rensburg, het op Dinsdag, 5 Augustus 2025 op die jong ouderdom van 54 jaar, aan 'n hartaanval beswyk. Johan laat sy eggenote, Michelle en hulle dogter, Angelique agter.

Die Gans-Berg Nuus se redaksiespan, en ons sluit die Gansbaai-gemeenskap hierby in, dra graag hul opregte meegevoel oor aan Lt.Kol Janse van Rensburg met die heengaan van sy broer. Ons wens hom, asook Johan se gesin, die genade en liefde van ons Hemelse Vader toe vir die pad wat voorlê. Ons vertrou dat julle die krag sal ontvang om deur hierdie moeilike tyd staande te bly.

**Hardus Botha**



***Wyle Johan Janse van Rensburg.***

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# CONTACT US TO ADVERTISE:

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za


# Kombersies en Handskoene vir laaste Winterkoue

So vir die laaste stuiptrekkings van die winterkoue, het Herberg aan See (HaS) se inwoners 'n tydjie gelede snoesige kombersies en warm handskoene gekry - ook net betyds voordat erge koue weer op ons toegesak het.

Hierdie is 'n jaarlikse projek van Marie de Jager om warm gebreide items aan HaS se inwoners uit te deel, kom al jare aan. Marie het 'n span knap Bietoubos-breiers wat haar met die breiwerk help. "Vanjaar het ons sowat 60 kombersies en pare handskoene uitgedeel," vertel Marie. "Ons het vanaf die siekeboeg tot by die kamers en woonstelle uitgedeel en niemand is oorgeslaan nie." Selfs enkele personeellede (onder protes!) is daarmee verras, met die Gans-Berg Nuus se joernalis (ook onder protes!) wat jouwerklikwaar ook 'n kombersie gekry het vir wanneer hy voor sy rekenaar sit en werk!

Die kombersies en handskoene is met groot dankbaarheid ontvang en is sommer dadelik 'in gebruik' geneem. Enkele Bietoubosdames het Marie met die uitdeel daarvan gehelp.

**Hardus Botha**





















# 100-jarige gesels oor 'rabbedoe-jare'

Maud du Plessis (100) van Klein Overberg Oord (Franskraal Karavaanpark) se kinderlewe kan sonder twyfel as dié van 'n 'rabbedoe' beskryf word. Om vandag, op 100-jarige ouderdom, na haar te kyk, met haar te gesels en haar dop te hou, is om geen twyfel oor die begrip 'rabbedoe' te hê nie - dis steeds die ene lewens-entoesiasme en bedrywigheid. Sy het ononderbroke met die Gans-Berg Nuus gesels - propvol humor en met flymskerp opmerkings wat die lagspiere behoorlik geprikkel het. Maud is 100 jaar gelede op 13 September 1925 in Calitzdorp, Klein Karoo gebore.


*Die 100-jarige Maud du Plessis.*

“Ek was die jongste van drie dogters, maar ek het soos 'n seunskind grootgeword,” vertel Maud. “Daar was niks op die plaas wat ek nie kon doen nie.” Sy was haar pa se 'handlanger' in alle opsigte. Maud was die grootste deel van haar lewe 'n huisvrou, of eerder, 'n boervrou, aangesien sy met 'n boer getroud was. “Ek het op 'n stadium in 'n kantoor in Wellington gewerk en was ook vir 'n jaar 'n verpleegster in die Kaap, maar verder was ek boervrou,” vertel sy. “Ek kan met groot dankbaarheid getuig dat en van kindsbeen af 'n vol lewe gelei het,” vertel sy.

Maud se eggenoot, Stefanus (Stevie) het haar in 2000 ontval, terwyl hulle op die plaas naby Worcester gewoon het. Sy het 'n dogter, Maud (76) en twee seuns, Fanie (74) en Kobus (65), wat by haar inwoon. Daar is 7 kleinkinders en 9 agterkleinkinders. Sy het sowat 6 jaar gelede vanaf Gordonsbaai na Klein Overberg Karavaankamp verhuis. Maud vertel sy staan nog soggens vroeg op, maak self haar huis aan die kant, was die vloere self en doen ook haar wasgoed self. Sy is steeds lief vir tuinmaak en vroetel nog gereeld in die tuin rond. Wanneer sy bietjie rustig wil wees, dan is daar nog breiwerk wat sy graag sit en doen.

Kobus vertel dat sy ma onlangs na Wessel du Toit op sy motorfiets gekyk het en te kenne gegee het sy sal nogal 'n rit daarop geniet. “Toe Wessel weer verbykom, gryp ek die kans aan en vra hom,” vertel Kobus. “Sy moes toe opklim en daar ry hy, met ouma agter op die motorfiets!” Maud se kommentaar? “Sjoe, maar dit was nou lekker!” Sy gaan op haar 100ste verjaarsdag op 13 September 2025 saam met haar kinders in die Great White House kuier - 'n groot geleentheid. “Maar ek is op soek na 'n Model T Ford om my daarheen te neem,” vertel sy met 'n laggie. “Daar moet hulle ook vir my reël om op 'n haaiboot uit te gaan - dit is iets op my wenslysie!”

Maud is omgepraat om die prestige Vrouedag van die NGK se Gasvryheidsdienste op Saterdagoggend, 9 Augustus 2025 in die Pretoriussaal by te woon, wat sy toe gedoen het - daar is sy as die oudste gas by die funksie, maar beslis nie die koudste gas verwelkom en kry toe op die koop toe 'n yslike melktert. Die Gans-Berg Nuus wens Maud 'n geseënde en gesonde nuwe lewensjaar toe.

**Hardus Botha**



Die redaksie van die Gans-Berg Nuus het reeds medelye aan die gesin en familie van Danie Maree, wat hulle op 26 Julie 2025 ontval het, oorgedra. Met die ter perse gaan van hierdie week se uitgawe, was alle inligting nog nie beskikbaar nie. Danie het as 'n merkwaardige man met integriteit en 'n omgee-hart bekendgestaan, met 31 jaar diens in Gansbaai- en Overstrand Munisipaliteite. 'n Gedenkdiens is op Vrydag, 8 Augustus 2025 ter nagedagtenis van Danie in die NG-Kerk deur ds Willie Kotze waargeneem. 'n Volledige berig oor Danie se lewe en werk sal in die volgende uitgawe van die Gans-Berg Nuus geplaas word.

Hardus Botha



# SAPS Scam and Safety Tips




Station Commander Lt.Col Janse van Rensburg asked the Gans-Berg News to publish these scam and safety tips again.
**Hardus Botha**

**Senior Scam Safety Tips**
**Remove number and home address from directories: *Remove your senior loved one's number from directories and add them to no call lists to ensure that no telemarketers call. If someone would call saying they were, you would know it was likely a scam.*

**Do not give out personal information over the phone: *Unless you have initiated the phone call, do not give out your social security number, card number, bank information, or your medicare information over the phone.*

**Be aware about money inquiries from strangers and family: *Telemarketing scams targeted at seniors are very creative: many pray on seniors' kindness and willingness to give by impersonating family members. See popular scams on www.ncoa.org.*

**Ask them to send you proof before giving them anything: *Ask them for their full name, address, and business name. Ask them to send this information to you in the mail. Before giving them anything, do a quick internet search. If you cannot find proof of existence, you know its a scam.*

**If you think you were a victim - call Adult Protection Services: *Waiting can only make it worse. Call APS 1-800-677-1116 to get protection and guidance on next steps. Make sure to cancel or freeze any accounts associated with the fraud.*

Also remember these Police pamflets:
**STOP violence against women;
**STOP gender-based violence;
**Silence hides violence - Don't make excuses, there is no excuse for gender-based violence.

**It has been brought under our attention by the public that another scam is believed to be circulating, where a woman in Gansbaai approaches young or married men for '*personal attention*' or '*favours*'. After that, the men involved are contacted by the woman's husband, from prison and a sum of money is then demanded. Please be advised not to become a victim in these kind of situations.




## 2025 SPRINGBOK FIXTURES

**Live Screening Events**

**Sat, 16 August**
SA vs Australia
**Sat, 23 August**
SA vs Australia
**Sat, 6 September**
SA vs New Zealand
**Sat, 13 September**
SA vs New Zealand
**Sat, 27 September**
SA vs ARGENTINA
**Sat, 4 October**
SA vs ARGENTINA
**Sat, 8 November**
SA vs FRANCE
**Sat, 15 November**
SA vs ITALY
**Sat, 22 November**
SA vs IRELAND
**Sat, 29 November**
SA vs WALES

## UNDER THE MICROSCOPE




## KENNISGEWING / NOTICE

### KENNISGEWING

In die Boedel van wyle ANDRE RIJSBERGEN Identiteitsnommer 620405 5042 081 getroud binne gemeenskap van goed met SARAH MARIA RIJSBERGEN Identiteitsnommer 660314 0097 085 woonagtig ten tyde van lewe te 8 Elanastraat, Franskraal, Gansbaai
Wes Kaap Provinsie
(Boedelnommer 022022/2023)

Kennis word hiermee gegee dat die 1ste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae lê by die Meester van die Hoë Hof te Kaapstad, en by die Landdros Hermanus vir n tydperk van 21 dae gereken vanaf 15 Augustus 2025

RICHARDS PROKUREURS
35 Barnardstraat
GANSBAAI
7220
TEL 028 384 1255
VERWYSING: RR1954

Richards Attorneys

### KENNISGEWING

In die Boedel van wyle
CORNELIA MAGDALENA WESSELS,
Identiteitsnommer 380920 0021 088
ongetroud.
Woonagtig ten tyde van lewe te
1 Andrewstraat, Gansbaai
Wes Kaap Provinsie
(Boedelnommer 73/2021)

Kennis word hiermee gegee dat die 1ste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae lê by die Meester van die Hoë Hof te Kaapstad, en by die Landdros Hermanus vir n tydperk van 21 dae gereken vanaf 15 Augustus 2025

RICHARDS PROKUREURS
35 Barnardstraat
GANSBAAI
7220
TEL 028 384 1255
VERWYSING: RR1813

Richards Attorneys

# Vrouedag met Skaterlag



**_Die Franse Modebaas, Monsieur Foyché._**



**_Die 'Bebaarde Ballerina'._**





"*Daar is baie knap vroue, maar jy oortref hulle almal!*" Augustus is Vrouemaand - 'n Vrouemaand wat eintlik 'n Vrouejaar behoort te wees. Vrouedag, 9 Augustus 2025, is met 'n verskeidenheid van gesellige, vrolike en selfs skaterlag-geleenthede in Gansbaai gevier, om nie eens na die uitrustings te verwys nie. Ons lesers kan uitsien na ons volgende uitgawe/s vir nog Vrouedag-vieringe vir Augustus as Vrouemaand - die een so gesellig soos die ander een! Lusmaker-voorbeelde is: *Soul & Sanctuary Soirée* in die Great White House saam met Nianell, Sjef Chris Pead en die L-Gin Female Trio; Uilenkraal-vroue; SAPD-vroue; Pearly Beach vroue en nog ander - beslis berigte om na uit te sien.

Tydens die Vrouedag van die Gasvryheidsbedieninge van die NG-gemeente, het die dames op 'n Skaterlag Vrouedag besluit, met 200+ dames. Die prag-versierde tafels en 'n 'boksie' met sowat 9 verleidelike eetgoed, is deur die gedugte Gasvryheidspan onder leiding van Elcine Hulme voorberei. In die voorportaal het 'winkelpoppe', getooi in die fraaiste uitrustings, die gaste verwelkom. Ds Willie Kotze het die byeenkoms op gepaste wyse geopen, met ds Hanri Joubert wat daarna kostelike stories aan die vroue vertel het, soos net hy dit kan doen. Charlotte Herselman, program-aanbieder, het op haar beurt 'n uiters interessante (humoristiese) praatjie oor die waarde en noodsaaklikheid van 'Lag' gelewer.
Deel van Charlotte se aanbieding was onder andere pryse vir die vrou met die grootste hande, die vrou met die kleinste hande, die jongste vrou, die oudste vrou, asook geluktrekkingskaartjies wat onder sekere stoele geplak was - pryse was daar in oorvloed tydens die byeenkoms.

Een van die hoogtepunte was die uitrustings van die dames wat enigiets snaaks kon wees - en wás daar nie uiterstes van koddige uitrustings nie?! Die 'ingevoerde' Franse Modebaas, Monsieur Foyché, het ongemerk tussen die tafels rondbeweeg en enkele dames, sonder hulle medewete, vooraf beoordeel. Charlotte het die name van die uitgesoekte vroue bekendgemaak, waaruit die Modebaas die eerste drie wenners moes kies - gelukkig het almal van hulle 'n prys ontvang. Die Gans-Berg Nuus het onderneem om nie te meld dat die Franse Modebaas eintlik ds Ben Blom was nie! Nog 'n skaterlag-hoogtepunt was die 'Bebaarde Ballerina' se optrede - 'n optrede wat nie lig vergeet sal word nie. Ds Franna Herselman was die 'Bebaarde Ballerina' - *say no more*, kyk eerder na die foto! Die hoofborge van waarvan die Gans-Berg Nuus een was, die pragtige pryse is spesiaal deur Charlotte uitgelig - "sonder al hierdie pryse wat oorhandig is, kan 'n dag soos hierdie nie ekstra spesiaal en opwindend wees nie," het sy gesê. Die Gasvryheidsdames het hulself oortref met die reël van 'n suksesvolle Skaterlag Vrouedag.

**Hardus Botha**











# Ons verken Botswana en Namibië -Deel 3-


Big 5 Chobe Lodge.

Elna Nel se kunstige Dagboek, 'BOT-NAM Avontuur', is 'n bron van uitstekende inligting, maar ook 'n vreugde om deur te werk. In Deel 3 gaan ons voort met die egpare Fanie en Judy Bothma (Toerleiers) van Franskraal en Dolf en Elna Nel van Saldanha se reis deur Botswana en Namibië (8 Mei tot 27 Junie).

In Deel 3 vertrek hulle op 21 Mei 2025 na Savuti via Chobe Nasionale Park, waar eie storte, toilette en opwasgeriewe in die kampterrein op hulle wag - “en Judy se heerlikste Chinese hoenderbraai met rys!” skryf Elna. Hulle ry weer oor die lang, stukkende bruggie oor die Khwai-rivier met 'n slegte grondpad. 'n Bordjie dui aan: Chobe National Park, en hulle is gelukkig om baie olifante daar te sien. Daarna volg die Mababe Gate, met nog 66km na die Savuti Gate. Na dik sand (4x4's spook!) en 'n sinkplaatpad, ry hulle oor die Savuti-rivier en stop vir piekniek.

Ná die Ghoha-hek, ry hulle deur dik sand wat die vorige sandpad na kinderspeletjies laat lyk, met nog groter uitdagings “waar die 4x4's stoei” om deur te kom en die brandstof wat al minder raak - 2 ure van intense uitdagings. By Kachikau klim hulle op 'n teerpad en aanskou die mooiste natuur-omgewing met kremetart- en akasiabome. Op die A33-roete was daar verligting om brandstof te kon ingooi en hulle ry rustig verder tot in Kasane, waar hulle net buite die dorp in Kazangula kan nesskrop.





Dolf en Elna Nel, Judy en Fanie Bothma wag vir die bootrit.




Elna skryf dit is pragtig by die Big 5 Chobe Lodge met pragtige bome, tuine, swembad en....WiFi vir boodskappe! Daar maak hulle kennis met Kobus en Johanna Botha van Pretoria - klein wêreldjie. Die volgende oggend (16de dag), ry hulle na Tony's Mobile Safaries waar Fanie vir hulle 'n bootrit bespreek het. Dit is 'n kleinerige boot (6-8 mense) wat verkieslik beter is bo die groot toeristebote aangesien gaste kan versoek dat die skipper ook 'n voëlkenner moet wees. Verder kan die skipper versoek word om te fokus op dit wat die gaste verlang soos die soek vir sekere skaars of besonderse voëls of diere. Die gids en stuurman is Matenga, wat interessante besienswaardighede aan hulle uitwys, asook krokodille wat tot 5-10 meter lank word en sowat 120 jaar oud word. “Die bootrit was absoluut die geld werd,” skryf Elna.



Die volgende dag is hulle weer op die A33, rigting Katima Mulilo. By die Ngoma Border Post kon hulle op die brug stilhou vir foto's, waarna hulle oor die grens Namibië binnery. Sommer gou is hulle by Katima Mulilo en Fanie vertel hulle dat die Zambesi-rivier nou regs van hulle is. Die egpare beleef 'n rustigheid wat Dolf soos volg beskryf: “Die kamplek lê op die oewer van die Zambesi-rivier en dit is moeilik om die plek in woorde te omskryf.” Japie en Chané, wat die kampplek bestuur, wys vir hulle die Namwi eiland en vertel dat dit net die boomtoppe is wat hulle sien, aangesien die eiland heeltemal oorstroom het.

Na 'n onvergeetlike tydjie verken ons Namibië volgende week in Deel 4 verder saam met die egpare op pad na Divundu en Ngepi Camp.

**Hardus Botha**

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Nico Groenewald - 073 919 7777
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Gansbaai Gholfklub

# Cecil Galloway palm Enkel Stableford in

Cecil Galloway wen die Enkel Stableford kompetisie van Saterdag, 9 Augustus 2025, met Pero Heyns wat die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie van Vrydag ingepalm het.

**Woensdag, 6 Augustus:**
Berty Sassman wen die Enkel Stableford sloegterskompetisie met 37 punte, gevolg deur Cecil Galloway 37, Solly Wessels 35, Daan Victor 35, Bev Swart 35, Pat Tavener 34, Leon Lombaard 34, Marie Fourie 34, Jacques Louw 32 en Johan Coetzee 31.
Naaste aan pen op no 15: Jacques Louw (geel bof).
Spog Twee: Pat Tavener (11) en Berty Sassman (11).

**Vrydag, 8 Augustus:**
Pero Heyns wen die 9-putjie Enkel Stableford met 21 punte, gevolg deur Barbara Halse 21, Corrie Avenant 20, Pieter Uys 18, JP Laubscher 18, Nico Jones 17, Willem Germishuys 17, Sakkie van der Merwe 17, Callie Lourens 17 en Pieter Smal 16.

**Saterdag, 9 Augustus:**
Cecil Galloway wen die Enkel Stableford kompetisie met 35 punte, gevolg deur Bertie Laubscher 33, Johan Coetzee 32, Daan Victor 32, Joe Cesare 31, Cobus Dippenaar 30, Bev Swart 30, Solly Wessels 29, Clive Bailey 26 en Pieter Kruger 25.

**Saterdag, 16 Augustus:**
Kompetisie is 'n Gekombineerde Stableford.

**Verjaarsdae:**
PA Farrell 18de, Marthinus Pretorius 19de, Pieter Smal 23ste en Carin Henson 24ste.


*Berty Sassman.*


*Cecil Galloway.*


*Pero Heyns.*

**DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VIND PLAAS OP 29 AUGUSTUS 2025 TE GANSBAAI GHOLFKLUB OM 17:30.**

**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0534**

# Gesteelde goedere vir identifisering

Die volgende gesteelde goedere is onlangs deur Gansbaai SAPD-lede opgespoor:
*'n Fiets wat in Pearly Beach gekry is;
*'n Generator TP 6000w Gensey (kragopwekker) wat in Gansbaai Industriële gebied gekry is.

Die eienaars van hierdie items kan Adj.Off Wynand le Roux by Gansbaai SAPD besoek vir die identifisering van hierdie items, met die nodige bewyse van eienaarskap. Adj.Off Le Roux kan ook by 028 384 0201 geskakel word.

**Hardus Botha**





## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 15/08/2025 | Saturday 16/08/2025 | Sunday 17/08/2025 | Monday 18/08/2025 | Tuesday 19/08/2025 | Wednesday 20/08/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 16° | 15° | 16° | 16° | 17° | 14° |
| Moderate Breeze 6 m/s from west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from west 6.3 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 15 August | 0711 | 1937 | 1310 | 0200 |
| 16 August | 0813 | 2047 | 0206 | 1416 |
| 17 August | 0943 | 2222 | 0332 | 1557 |
| 18 August | 1132 | 0000 | 0514 | 1746 |
| 19 August | 1251 | 0110 | 0635 | 1903 |
| 20 August | 1345 | 0200 | 0732 | 1957 |
| 21 August | 0201 | 1427 | 0815 | 2040 |
| 22 August | 0242 | 1503 | 0852 | 2116 |
| 23 August | 0318 | 1536 | 0924 | 2148 |
| 24 August | 0350 | 1607 | 0953 | 2218 |
| 25 August | 0421 | 1637 | 1021 | 2246 |
| 26 August | 0450 | 1706 | 1048 | 2313 |
| 27 August | 0519 | 1734 | 1115 | 2341 |
| 28 August | 0547 | 1802 | 1142 | 0011 |

# CLASSIFIEDS

**FRIDGE & FREEZER Repairs**
Robert Pace: 082 895 4546

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
10 Jaar waarborg op materiaal
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
(Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies
Ons diens dek die hele Overberg

**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

**Hilton Hitge**
**084 558 1902**
***info@anglowindows.co.za***

**WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT**

GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197 082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*

**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak




Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580

**OVERSTRAND BABOON**



**HOTLINE: 069 151 5962**



**PLACE YOUR ADVERT HERE**

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za

UNITY SERVICE RECOVERY
AA
ALCOHOLICS ANONYMOUS

**DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?**
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
**THERE IS HELP...**
**060 597 5419**
**078 307 7783**


# CONTACT US TO ADVERTISE:

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za



# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 3 | | | 4 |
| 8 | | 6 | 9 | 7 | | | | 5 |
| 3 | | | 2 | | | | | 9 |
| | 6 | 7 | 5 | 2 | | | 9 | |
| | | | 6 | | 8 | | | |
| | 8 | 2 | | 9 | | | 5 | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | 6 | 1 |
| 5 | 1 | 3 | | | | | 7 | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | N | A | H | R | H | N | I | T | F | S | Y | V | P | V | F | A |
| U | O | U | Q | T | S | I | M | A | T | T | U | B | I | T | E | R |
| T | O | Q | R | B | W | A | H | O | I | J | O | Z | H | R | Z | L |
| B | H | Y | I | O | J | R | R | D | E | M | F | G | H | S | E | I |
| X | P | U | N | X | E | M | I | L | O | H | U | S | K | C | E | G |
| R | Y | S | N | N | A | M | B | A | R | O | M | E | T | E | R | H |
| O | T | S | H | D | U | K | A | A | R | Z | B | O | T | U | F | T |
| H | V | E | E | H | E | S | Y | D | F | D | K | H | O | T | N | N |
| W | I | E | K | I | E | R | U | T | A | R | E | P | M | E | T | I |
| T | I | Q | R | X | R | X | V | C | B | I | S | U | P | M | F | N |
| X | A | N | V | C | U | R | O | T | Y | Z | W | L | I | D | A | G |
| H | M | P | D | P | A | L | U | L | U | Z | G | U | I | H | Z | F |
| Y | C | L | O | U | D | S | R | L | N | L | I | R | K | A | E | N |
| S | U | I | S | L | E | C | T | W | F | E | G | E | Y | H | H | O |

*BAROMETER
*CELSIUS
*CLOUDS
*COLD
*DRIZZLE
*DROUGHT
*FAHRENHEIT
*FLURRIES
*HAIL
*HOT
*HUMIDITY
*LIGHTNING
*MIST
*OVERCAST
*RAIN
*SNOW
*STORM
*SUNNY
*TEMPERATURE
*THUNDER
*TYPHOON
*WIND

## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 1 | 8 | 4 | 2 | 3 | 9 | 7 | 5 |
| 9 | 2 | 4 | 5 | 8 | 7 | 6 | 1 | 3 |
| 3 | 5 | 7 | 9 | 6 | 1 | 2 | 8 | 4 |
| 5 | 6 | 3 | 1 | 9 | 8 | 7 | 4 | 2 |
| 8 | 4 | 2 | 6 | 7 | 5 | 1 | 3 | 9 |
| 1 | 7 | 9 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 8 |
| 2 | 8 | 6 | 7 | 4 | 9 | 3 | 5 | 1 |
| 4 | 9 | 5 | 3 | 1 | 6 | 8 | 2 | 7 |
| 7 | 3 | 1 | 8 | 5 | 2 | 4 | 9 | 6 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | L | I | Z | A | R | B | N | B | L | A | H | E | B | M | R | J |
| A | L | E | U | Z | E | N | E | V | N | B | A | R | A | O | A | J |
| G | M | E | N | U | C | D | Y | A | J | M | I | X | H | M | P | S |
| R | R | A | Z | I | U | U | Y | A | N | V | T | O | A | S | H | B |
| O | S | E | N | Q | C | U | B | K | U | A | I | I | M | C | O | Z |
| D | K | N | N | A | G | A | S | A | Q | G | C | W | A | H | N | A |
| A | G | H | O | A | P | O | R | G | Y | A | A | K | S | C | D | N |
| U | N | I | T | E | D | S | T | A | T | E | S | R | O | V | U | I |
| C | V | K | D | A | B | A | U | P | G | X | H | L | A | Z | R | T |
| E | E | Z | B | E | G | G | K | E | C | U | U | B | W | P | A | N |
| Y | A | R | L | H | U | Y | H | R | H | M | A | Q | B | D | S | E |
| E | A | I | I | R | K | B | W | U | B | C | A | N | A | D | A | G |
| B | Z | S | U | M | W | O | C | I | X | E | M | S | P | C | G | R |
| E | B | O | L | I | V | I | A | L | O | E | L | I | H | C | T | A |

# Gansbaai Posduifklub: Hopetown Ope Wedvlugte

Uitslae van Gansbaai Posduifklub se Hopetown Ope 1 en Ope 2 se wedvlugte - 680km.


N&N Stevens - Wenners: Ope 1 Wedvlug.

**Gansbaai**:
Die Gansbaai Posduifkub het aan verlede week se wedvlug vanaf Hopetown deelgeneem. Dit was 'n Ope 1 en Ope 2 wedvlug en die duiwe is om 07:30 in mooi weer losgelaat, wat vir goeie vliegtoestande gesorg het.

**Plaaslike Klubuitslae:**
In die Ope 1-kategorie het N&N Stevens eerste geëindig, met Louis Groenewald in die tweede plek en C&R Kruger in die derde plek.

Die Ope 2 duiwe-afdeling is deur Snr Germishuys Hokke gewen, gevolg deur J de Villiers in die tweede plek en Snr Germishuys Hokke in die derde plek. Baie geluk aan al die wenners. Baie geluk ook aan Johan de Villiers van 'n plaas naby Nuwedam, wat vanjaar Gansbaai duiwe begin vlieg het en die naweek 'n tweede plek in die klub en 'n derde plek in die Overberg Posduif Unie behaal het. Die kompitisie was baie sterk, wat beteken dat Johan uitstekend gevaar het.


Snr Germishuys Hokke - Wenner: Ope 2 Wedvlug.

**Overberg Posduif Unie Uitslae:**
In die Overberg Posduif Unie se Ope 1 wedvlug het Braam Groenewald gewen, met N&N Stevens in die tweede en Jehovah Lofts in die derde plek. In die Ope 2 duiwe-afdeling het G Daniels die eerste plek verower, gevolg deur Snr Germishuys Hokke en Johan de Villiers in die derde plek.


Johan de Villiers - beginner: Gansbaai Posduif Klub.

**Top 5 in die Unie:**
1ste - Snr Germishuys Hokke; 2de - C&R Kruger; 3de - Louis Groenewald; 4de - N&N Stevens; 5de - Human Lofts. Gansbaai Posduifklub doen uitstekend in die Overberg Posduif Unie en bekleë tans die eerste 5 top-posisies - baie geluk.

Die klub bedank alle deelnemers vir hul toewyding en sien uit na die volgende wedvlug. Opvolgverslae en nuwe uitslae sal soos altyd op versoek van lesers gedeel word. As gevolg van die weersomstandighede en wedvlugte wat later plaasvind, is die uitslae 'n week agter en sal verslag gedoen word soos wat uitslae beskikbaar is.

**Willie Marais**









Gans Berg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




# 100ste parkrun vir Lizette Botha

Elke100ste parkrun by Groeneweide is 'n hoogtepunt onder die stappers - ballonne word opgeblaas, 'n spesiale vlag word gedra en die stapper stap onder groot toejuiging reguit na die '*photo booth*' vir foto's. So op Vrouedag, Saterdag, 9 Augustus 2025, was dit Lizette Botha se beurt om haar 100ste stap te voltooi - baie geluk aan Lizette met haar parkrun-mylpaal.

Frans Botha, Lizette se eggenoot, het op Saterdag, 17 Mei 2025 sy 100ste parkrun gestap, terwyl Lizette toe haar 91ste parkrun gestap het. “Ons wou ons 100ste parkruns gelyktydig gestap het, maar Lizette het, weens gesondheidsredes, 'n paar stappe oorgeslaan,” vertel Frans. “Nou kon sy haar 100ste parkrun ook voltooi.”

Frans (69) en Lizette (65) is gereelde stappers en Frans het sy 100ste stap in Meimaand saam met sy vriend, Gielie Genade, wat sy 100ste stap vroeër vanjaar gestap het, in Groeneweide se restaurant gevier. Die Botha-egpaar, wat op 31 Julie 2025 hulle 43ste huweliksherdenking gevier het, is oorspronklik van Plumstead, Kaap en is nou sowat 4 jaar in De Kelders. “Ons het 'n stapklub daar gehad en het al van die moeilikste staproetes suksesvol voltooi,” vertel Frans. “Onder andere die *Garden Route Camino Pelgrimstog van Hoop* in twee dele: vanaf Nature's Vally na Mosselbaai se Ligtoring en vanaf Uniondale na Nature's Valley.”

Groeneweide se twee 'parkrun-ysters' is Henry en Brigette Marais, met die vriendelike samewerking van Groeneweide se plaaseienaars, Lonnie en Matilda Roos.

**Hardus Botha**




Lizette Botha bereik 100ste parkrun, met manlief Frans langs haar.

Groot oomblik vir Lizette en Frans Botha.



Feesvieringe in Groeneweide restaurant saam met Lizette Botha.




Lizette Botha saam met mede-stappers.